

BYLAAG 2 (Bylaag by 5.1 van Leerstellige en Aktuele Sake)

SKRIFBESKOUING EN SKRIFGEBRUIK IN DIE NG KERK*

***Hierdie document probeer 'n oorsig en samevatting gee van die belangrikste sake in die NG Kerk se besinning oor Skrifgesag en Skrifgebruik. Dit berus op verslae wat sedert 1986 -2015 by Algemene Sinodes hanteer is. Die groter konteks waarbinne die verslae ontstaan het word in die eerste drie punte van die document bespreek waarna die oorsig oor die amptelike standpunt in punt 4 volg.**

INLEIDING:

Die Bybel is vir die NG Kerk as Gereformeerde Kerk baie belangrik. Toe ons as kerk oor ons gereformeerde identiteit gepraat het (Verslag by Algemene Sinode van 2007), het ons beklemtoon dat die wesensvraag van Luther (Waar kry ek 'n genadige God?) steeds vir ons in die sentrum staan. Die vraag "Wie is ons?" se antwoord is "Ons is mense wat in die genadige God glo." Ons identiteit beskryf ons dus deur die vraag van Luther te beantwoord, en dit is dan dat die Bybel onmisbaar is. Die Bybel is vir ons belangrik omdat die genadige God sentraal staan. Wanneer ons op ons spore terugloop en kyk wat het die NG Kerk in die verlede oor die gesag en gebruik van die Bybel gesê, kan dit help om verwarring oor die saak op te klaar. Dit kan ook as stimulus dien om lidmate te laat deelneem aan die kerk se besinning oor die manier waarop die Bybel se gesag funksioneer.

Wanneer daar diep meningsverskil in die kerk ontstaan oor sake soos die vrou in die amp, die onderhouding van die sabbat al dan nie of, soos nou onlangs, selfdegeslagverhoudings, kan dit dikwels na verskille in Skrifgebruik teruggevoer word. In die gesprek oor Skrifgesag en Skrifgebruik moet deeglik kennis geneem word van die resultate van die navorsing in die teologie omdat die implikasies van die onlangse ontwikkelings nie geïgnoreer kan word nie. Wat jy hier lees, is nie 'n vakwetenskaplike artikel nie, maar eerder 'n **gespreksdokument** aan die adres van die gemeente. Vir die sinvolle gesprek oor Skrifgesag en Skrifgebruik is ten minste die volgende temas van belang.

1. Verskuiwings oor tyd
2. Insigte oor die verstaansproses
3. Die eietydse gesprek
4. Die amptelike besinning in die kerk

1. WAT IS DIE BYBEL? VERSKUIWINGS OOR DIE TYD.

Agter die huidige amptelike standpunt van die NG kerk oor Skrifgesag en-gebruik lê daar 'n lang geskiedenis van nadenke. Wanneer ons in 2016 nadink oor Skrifgesag, is ons nie die eerste in die ry nie. By verskeie sinodes sedert 1986 het verslae daarvoor gedien. Ons gebruik die taal en insigte van die gelowiges wat voor ons daarvoor gedink het. Terwyl ons gesprek in 'n gereformeerde konteks plaasvind, maak dit nogal sin om terug te loop tot by die Reformasie van die 16de eeu sodat ons kan seker maak dat ons behoorlik luister na al dié stemme uit ons verlede.

Alhoewel dit kan lei tot oorvereenvoudigings van ingewikkelde sake, kan ons dit tog ter wille van perspektief waag om die ontwikkelings sedert die Reformasie grafies voor te stel. Elke keer moet die omstandighede waarbinne die uitsprake gemaak is, deeglik in ag geneem word.

Ons sou dit soos volg kon voorstel:

Diagram 1- Die Bybel is die Woord van God



In die tyd van die 16 de eeuse reformatie is die stryd gevoer oor die gesag van die kerk. In die Katolieke kerk ten tye van die reformatie het die Bybel nie regtig 'n sentrale plek gehad nie. Die sakramente was meer op die voorgrond. Die reformatie het gesorg dat die Bybel 'n besonder prominente plek in die kerk ingeneem het. In dié tyd en teen dié agtergrond is daar dan ook 'n bepaalde Skrifbeskouing geformuleer wat vir lank die toon aangegee het. Die Reformatore skuif die gesag weg van die kerk na die Woord. Vandaar die groot klem op die Bybel as God se Woord. Dit is 'n poging om te sê dat God die gesag het en nie mense of 'n instelling soos die kerk nie. Dit was die groot waarheidsmoment in die besondere beklemtoning van wat die Bybel is.

Hierdie voorstelling het ook 'n problematiese kant. Die oë kan gesluit word vir die eg menslike karakter van die Bybel en op ongeloofwaardige wyse word die Bybel dan 'n orakelboek waarin God direk aan die woord is. Die mens is slegs die ontvanger van die Goddelike woorde. Dit oortuig nie, want enige noukeurige leser van die Bybel weet dat ons daar mense van vlees en bloed hoor praat. Met God en oor God. Dit sou die volgende uitdaging wees. Hoe beskryf 'n mens die gesag van die Bybel op so wyse dat die mens se rol in die totstandkoming daarvan tot sy reg kom?

Diagram 2: God se Woord in mensetaal



In die 17de en 18de eeu het mense soos Kopernikus en Rene Descartes se bydraes tot onderskeidelik die sterrekunde en filosofie die kerk voor nuwe uitdagings mbt Skrifbeskouing gestel. Sekere uitsprake wat op letterlik historiese (alles het presies gebeur

soos die Bybel beskryf) aannames berus het, het nou vanuit die wetenskappe onder skoot gekom. Die menslike kant van die Bybel het hiermee noodwendig sterker na vore gekom. Nuwe formulering probeer dit verwoord. So bv "God se woord in mense taal". Dit verteenwoordig eerlikheid met die bevindings in die navorsing. Die Heilige Gees het mense gelei om in eie taal styl en kultuurkonteks te skrywe. Onderliggend is dié denke sterk daarop gebou dat dit Goddelike woorde in menslike vorm is. God is vir die inhoud verantwoordelik, maar dit is ter wille van die mense in verstaanbare menslike idioom gegiet. Weereens was dit 'n poging om eerlik die resultate van die navorsing te verreken en te beskryf hoedanig die gesag van die Bybel dan verstaan moet word.



In die 20 ste eeu het die bevindinge van die Literatuurwetenskap en die postmoderne denke 'n betekenisvolle invloed uitgeoefen op die denke oor die gesag van die Bybel. Hiervolgens is die Bybelboeke die resultaat van mensewerk. Dit is mensewoorde oor God. In die mensewoorde hoor ons God. Die geloofsinsigte, ervaringe en interpretasies van mense word die erfenis wat van die een geslag na die ander oorgelewer is. Hierdie soort formuleringe het baie gelowiges laat voel dat die gesag van die Bybel oorboord gegooi word. Ander het dit gebruik om die aard van die Bybel se gesag te herdefinieer. Die Bybel is dan steeds die weg waarlangs God ons help om iets van Hom te begryp. Selfs al is dit deur en deur 'n boek met menslike karakter, historiese foute en tydsbepaalde uitsprake help dit om die verskillende gesigspunte wat in die Bybel opgeneem is beter te begryp. Dit is steeds moontlik om met oorgawe te bely: "Dit is die woord van God." Die Bybel bly onverswak die gesagsboek van die kerk. In die Gereformeerde en Lutherse teologie is daar al dikwels 'n parallel gesien tussen die Bybel en Christus. Ons bely van Christus sy mensheid én Godheid. Die oomblik as ons verder probeer verduidelik hoe dit moontlik is en hoe dit nou presies verstaan moet word, raak ons woorde op. Dieselfde geld wat ons belydenis oor die Skrif as Woord van God betref. Dit is woord van **God én mensewoord**. Wanneer Skrifbeskouing prakties word in Skrifgebruik, word dit duidelik of daar aan albei aspekte vasgehou is.

Uit bostaande diagramme is dit duidelik dat die teologiese denke oor die Bybel telkens beïnvloed word deur dit wat op terrein van die natuur- en geesteswetenskappe gebeur. Herformuleringe oor die aard van die Skrifgesag en die oorsprong van die Bybel is telkens deur hierdie ontwikkelings genoodsaak, want ons leef in en praat oor dieselfde wêreld. Skrifbeskouing bly voorlopig en word van tyd tot tyd aangepas met die lig wat beskikbaar is. Ons beskouing oor die Bybel is nie gelyk aan die Bybel nie. Deur dit alles het die Bybel bly funksioneer as **maatstaf (kanon)** waarmee die gelowige oor sy/haar lewe voor God kan besin.

2. INSIGTE OOR DIE VERSTAANSPROSES

Baie mense dink dat 'n mens nie nodig het om te dink oor die wyse waarop die Bybel gelees word nie. Jy maak jou oë oop en lees dit. Jy wonder nie eers wat 'n teks is of wat jy nou eintlik doen wanneer jy lees nie. Dit is soos fietsry. Sodra jy begin wonder hoe jy dit doen, val jy af. Die verstaanswetenskap het ons egter geleer dat daar 'n hele klomp dinge gebeur wanneer 'n mens 'n teks optel en lees om te verstaan. Die insig dat jy die teks nooit sonder enige veronderstellings of aangeleerde opvattinge of kennis lees nie, het ons baie meer beskeie gemaak oor ons uitsprake op grond van die Bybel. Verder het die navorsing uitgewys dat 'n verskeidenheid van faktore 'n rol speel in kommunikasie: 'n **sender** kommunikeer met 'n **ontvanger** deur middel van 'n **teks**. Die groot afstand tussen die wêreld van die sender en die ontvanger beteken dat misverstande baie maklik kan ontstaan. Om net te sê: "Dit staan in die Bybel!" beteken nog nie dat die betekenis van dit wat daar staan by jou tuisgekome het nie. In die bestudering van die tekste wat normaalweg gebruik word wanneer daar oor homoseksualiteit besin word, word dikwels melding gemaak van die belangrikheid daarvan om nie die Bybel as 'n versameling van 'n klomp tydlose waarhede te lees nie. Kyk net tot watter gevolgtrekkings kan dit lei as 'n mens dit doen.

- Wie sy pa of ma vloek moet doodgemaak word (Eks 21:15);
- Wanneer twee mans stry en die een slaan die ander met 'n klip of die vuus sonder om te dood, is dit aanvaarbaar (Ek 21:18-19);
- Bome wat nie vrugte dra nie kan maar beskadig en afgekap word (Deur 20:20);
- Jy mag nie geld teen rente uitleen nie (Deut 23:19);
- Wanneer twee mans baklei, en een se vrou kom help en gryp die man wat haar man slaan aan sy geslagsorgane, moet haar hand afgekap word (Deut 25:11);
- Dit is nie betaamlik vir 'n vrou om sonder iets op haar kop in die erediens tot God te bid nie (1 Kor 11:13); en
- Vrouens moet in die byeenkomste van die Christelike gemeente stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie (1 Kor 14:34).

Die lysie kan veel langer gemaak word. Dit is egter genoeg voorbeelde om aan te toon waarom ons die Bybel nie as tydlose dokument lees nie. In ons soeke na die waarheid interpreteer ons. Ons neem n boek uit n ou wêreld wat totaal anders is as die waarin ons woon en ons probeer verstaan wat dit vir ons beteken. Uit dit alles is dit duidelik hoe belangrik dit is dat die Bybel binne die kerk gelees en gehoor word. Die besinning oor wat God se wil vir ons is, kan nie vorder sonder die korrektief van die gemeenskap van die gelowiges nie. Die Bybel is nie vir individue geskryf nie. Die Here het dit vir die kerk as geloofsgemeenskap gegee. Dit is ook waarom dit goeie sin maak om die belydenisskrifte ernstig te neem. Dit maak deel uit van die eeue lange soeke van die kerk na God se wil. Dit is ook die rede waarom 'n gereformeerde kerk wat probeer om die Bybel te verstaan vir sy eie tyd dit nie eenkant en alleen sal wil doen nie. Die ekumeniese gesprek is eweneens onontbeerlik. Die navorsing in die verstaanswetenskap is dus nie 'n ivoortoringaktiwiteit wat geen implikasies vir die kerk het nie. Die insigte daar verkry, help ons om met verantwoordelikheid en oorgawe met die Bybel besig te wees.

3 DIE EIETJDSE GESPREK

Sedert die 1986 verslag van die Algemene Sinode oor skrifbeskouing waaraan die drie teologiese fakulteite destyds meegewerk het, het veel Afrikaanse water - met spesifieke verwysing na binne NG geleedere - oor Skrifbeskouing reeds in die see van interpretasies

geloop. Die Afrikaanse pers het met tye die gesprek aan die gang gesit deur publisiteit aan publikasies te verleen wat oor die gesag van die Bybel gehandel het. Soms was die beriggewing billik en kon lidmate die gang van die besinning goed volg. Ander kere is uitsprake in isolasie aangebied met verwarrende gevolge en vervlakking van die gesprek. Hoe ook al sy, billik of onbillike beriggewing inaggenome, die gesprek het dikwels met omstredenheid gepaard gegaan. Waaroor het dit in hierdie Afrikaanse publikasies gegaan?

* Die belangrike paradigmaverskuiwing wat in die geskiedenis plaasgevind het en verskuiwinge teweeggebring het t o v Skrifbeskouing (sien voorafgaande paragrawe oor verskuiwings), word in hierdie afrikaanse werke onder oë geneem.

* 'n Letterlike verklaringsmetode wat beteken dat alles presies net so gebeur het soos wat dit in die Bybel staan, word as onhoudbaar aangedui.

* Die opvatting van die Bybel as direkte Godswoord wat God as't ware tussen die buiteblaaie van die Bybel beskikbaar maak, word vervang met die insig dat ons in die Bybel nie te make het met letterlike Godsuitsprake nie, maar met menslike taal wat beeldend en metafories heenwys na 'n ander dimensie, en dat dit juis die metaforiese meerduidigheid van die Bybel is wat ruimte gee aan die Gees om te waai waar Hy wil.

* Die Bybel kan nie langer verstaan word as 'n eenvormige blok Godsuitsprake wat bloot net gesistematiseer moet word nie. Bybelse tekste - of dit nou poësie, filosofie, verhale of briewe is – ontspring uit bepaalde sosiale beddinge en moet as sodanig verstaan word.

* Waar van die vroeëre geslagte die Bybel dan op die basis van 'n fundamentalistiese Skrifbeskouing gesien het as 'n boek met eksakte volkekundige, natuurkundige, historiese en teologiese informasie, word dit vandag in navorsingskringe aanvaar dat die Bybel (religieuse) literatuur is wat onvermydelik deel het aan die kulturele oortuigings van destyds en waarin die skrywers die werklikheid waaroor hulle vertel, noodwendig vanuit spesifieke perspektiewe geteken het.

* Die rol wat die leser van die Bybel speel by die interpretasieproses is in die eietydse gesprek ook telkens uitgewys. Gelowiges is bewus gemaak van die rol van die lesersgemeenskappe by die bestudering en toeëiening van die Bybel. Objektiviteit is nie moontlik nie. Ons strewende eerder na 'n inter-subjektiewe proses waar "my verstaan" en "jou verstaan" mekaar kontroleer.

* Die feitdat daar verskille in Skrifbeskouing onder gelowiges binne gereformeerde kring aanwysbaar is, het 'n sensitiwiteit gebring vir die voorlopige aard van ons uitsprake oor die Bybel. Sterk klem is daarop gelê dat ons moet onthou dat 'n Skrifbeskouing altyd maar net 'n beskouing is, altyd menslik, altyd feilbaar, altyd voorlopig, altyd veranderbaar, aanpasbaar. 'n Skrifbeskouing kan nooit iets wees wat uitgewerk en vir tyd en ewigheid onveranderlik kan bly staan nie.

Waarskynlik is die vernaamste (en blywende) taak van die NG Kerk, in die lig van sy eie geskiedenis van Skrifuitleg, om hierdie insig m b t die aard (feilbaar, voorlopig, aanpasbaar, veranderbaar) van Skrifbeskouing(e) aan die lidmate te verduidelik. Nie om - by wyse van spreke - 10 riglyne om jou Bybel reg te verstaan op onfeilbare, onveranderbare en vir ewig vasgepende wyse te formuleer nie, maar om die proses, die dinamika en weerloosheid van die leesproses en Skrifbeskouing aan gelowiges deur te gee.

4. AMPTELIKE STANDPUNT

Die kerk se amptelike standpunt soos dit in die amptelike stukke geformuleer staan, moet gelees en beoordeel word teen die agtergrond van bogenoemde uiteensetting van die verskuiwing wat plaasgevind het en die voortgaande teologiese besinning oor die saak.

Kommer oor teenstrydige standpunte tussen teoloë oor Skrifbeskouing en Skrifhantering het die Breë Moderatuur gedurende 1985 genoop om die drie teologiese fakulteite van die N G kerk te versoek om verslae voor te berei waarin die saak van Skrifgesag en Skrifgebruik aangespreek word. Die drie verslae is tot een verslag verwerk en aan die Algemene Sinode van 1986 voorgelê waar dit aanvaar is as amptelike studiestuk wat as riglyn vir lidmate en ampsdraers kon dien.

Hierdie studiestuk het nie die volledige behandeling van die onderwerp gebied nie, maar slegs enkele aktuele sake hanteer. Die opstellers van die verslag het ook uitdruklik vermeld dat die verslag nie gesien moet word as aanvullend tot die belydenisskrifte nie, maar eerder as verklarende aanmerkinge oor die belydenis.

Samevatting van die 1986 verslag

Die verslag stel as geloofsvertrekpunt dat die Heilige Skrif onder inspirasie van die Heilige Gees tot stand gekom het en deur die blywende en onvernietigbare verbintenis tussen die Heilige Gees en hierdie geskrifte **die Woord van God is** waardeur Hy lewend tot ons spreek. Hierdie oortuiging word deur die begrip "*teopneustie*" uitgedruk en die wyse waarop hierdie inspirasie plaasgevind het word as *organies of dialogies* beskryf. Die kern van die organiese inspirasieleer word soos volg saamgevat:

Die Heilige Gees het by die tot standkoming van die Heilige Skrif op sodanige wyse van die diens van mense gebruik gemaak, dat daar in geen enkele opsig aan hulle selfwerksaamheid afbreuk gedoen, of die historiese en psigologiese bemiddeling van die openbaring uitgeskakel is nie.

As ons bely dat die Bybel die Woord van God is, bedoel ons daarmee dat hierdie boek met sy menslike en historiese karakter in sigself die Woord van God is. Die Bybelskrywers is ten volle betrokke by die tot standkoming van die Bybel hetsy deur persoonlike herinneringe, mededeling van ander en ander skriftelike bronne. Hierdie gegewens het hulle geïnterpreteer en op hulle eie manier weergegee maar dwarsdeur die hele proses was die Heilige Gees betrokke *om die resultaat te waarborg en is presies weergegee wat sy Goddelike bedoeling daarmee was.*

In hierdie verslag kry die verhouding Ou Testament: Nuwe Testament ook deeglik aandag. Dit word gesien as "die twee komplementerende dele wat as een geheel verstaan moet word. In die terme "Ou" en "Nuwe Testament" het die kerk van die begin of die belydenis uitgedruk van die verbondenheid en die verskille tussen hierdie twee dele van die Woord van God. Die verslag werk sterk met die hermeneutiese skema van belofte en vervulling. Dit is 'n skema wat in later jare dikwels vanuit die bibliologiese vakke bevestig is. Die verslag "erken ten volle die wetenskaplike legitimitet van 'n bestudering van die Ou Testament in sy historiese konteks en voorlopig nog afgesien van sy verhouding tot die Nuwe Testament, mits daaraan vasgehou word dat dit vir die Christelike teoloog nie moontlik is om daarmee te volstaan nie. Christelik gesproke kom die bestudering van die Ou Testament eers tot sy reg as dit in die samehang met die Nuwe Testament gelees word, net soos die unieke boodskap van die Nuwe Testament eers ten volle verstaan kan word in samehang met die Oue."

Die verslag verwys ook na die druk wat die ontwikkelinge in die Bibliologie vakke plaas op die kerk om te besin oor die aard van die gesag. Die histories-kritiese metode van

Bybelondersoek soos dit gedurende die afgelope drie eeue ontwikkel het, hanteer die Bybel as historiese dokument, en die aanvoeling in 1986 was dat “dit plaas die belydenis aangaande die onfeilbaarheid van die Skrif onder sware druk.” Dit alles het die teologie gedwing om die vraag na die aard van die Skrifgesag baie indringender onder die oë te sien.” Die kerk sou in die volgende dekades telkens weer nadink oor die historiese aard van die Bybel en die gepaardgaande implikasies vir die lees daarvan.

Algemene Sinode van 1990

Tydens die Algemene Sinode in 1990 kom die saak van Skrifbeskouing weer ter sprake binne die konteks van die een verslag van die Tussen Kerklike Kommissie (TKK) en AKLAS. Hierin word die saak van Skrifgesag verder ter sprake gebring teen die agtergrond van Skrifuitleg. **Eenstemmigheid oor die gesag van die Skrif bring nog nie eenstemmigheid oor die uitleg van die Skrif nie.** Uit die TKK verslag blyk dit dat die saak van Skrifgesag veral in die gesprek tussen die kerke aktueel is, maar dat daar nie wesenlike verskille oor die saak is nie.

Weereens word die **historiese lees** van die Bybel sterk beklemtoon. “Die konklusie wat uit hierdie oorweging getrek kan word, is dat dit nie slegs vir die Ou Testament geld nie, maar die hele Bybel, dat daar nie op 'n willekeurige wyse en op die klank of 'n beroep op die konkrete gebooië en insettinge van die Skrif of 'n bepaalde stand van sake gedoen kan word; asof hulle sonder meer in dieselfde vorm vanselfsprekend vir die kerk van alle eeue normatief is nie. Daar moet uitlegkundig onderskei word wat presies die bedoeling van sulke gebooië is in die spesifieke historiese situasie waarin hulle gegee is, ten einde te kan vasstel hoe dit konkrete uitdrukking verleen aan die blywende wil van God soos dit in die wet van God neergele is, voordat beslis kan word oor die vraag hoe daardie konkrete gebooië in die nuwe situasie van vandag gehoorsaam moet word.”

Die **gaping tussen “toe” en “nou”** word soos volg verduidelik: “Die hele ekonomiese problematiek en die wetenskap, die politiek en die staat, die huwelik en die gesin het in die moderne tyd 'n gedaanteverandering ondergaan en ons voor probleme gestel wat nie direk in die Skrif ter sprake kom nie, omdat die Skrif histories gerig was aan mense in 'n ander kulturele situasie. Gehoorsaamheid aan die Skrif kan nie beteken dat ons vanuit die moderne kultuursituasie moet terugkeer na die kulturele fase van die mense in die tyd van die Bybel nie.” Die erkenning van die gaping tussen die wêreld van die Bybel en die wêreld van hedendaagse lesers sou in die volgende jare telkens in die NG Kerk se interpretasie van die Bybel 'n rol speel.

Algemene Sinode van 1998

Sedert die 1986 verslag het die kerk in amptelike hoedanigheid nog nooit van bogenoemde standpunt afgewyk nie. In die lig van uitlatings van teoloë asook insinuasies in die pers dat die N G kerk nie die belydenis van die Bybel as die Woord van God meer ernstig opneem nie, reik die ASK in hul verslag aan die Sinode van 1998 'n verklaring uit waarin herbevestig word dat die 1986 verslag steeds geld as amptelike standpunt van die kerk en word onomwonde gestel dat die *die Bybel die unieke, geïspireerde Woord van God is*. Ten spyte van hierdie belydenis gaan die gesprek oor Skrifgesag en Skrifhantering nog steeds voort en blyk dit dat die belydenis van Skrifgesag nie eenvormigheid oor Skrifhantering bring nie.

Algemene Sinode van 2002 en 2004

Op 'n besondere helder manier bevestig die Algemene Sinode in 2002 en 2004 die posisie van die NG Kerk t.o.v. Skrifgesag. Die taal van die stuk klink byna soos die van 'n belydenisskrif! Trouens, die stuk begin weereens met die belydenis dat die Bybel "die Woord van God" is. Selfs die implikasies van hierdie belydenis word punt vir punt uitgespel. Let daarop hoe die nuwe insigte van die teologiese wetenskap integreer word met hierdie belydenis. Soos telkemale vantevore word weer gekies vir 'n kultuursensitiewe lees van die Bybel.

Die Algemene Sinode keur die volgende verklaring goed en verwys dit na gemeentes en ringe vir bespreking:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bely, as kerk wat in die Gereformeerde tradisie staan, dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom:

- * gesag het oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig dat ons nie aan onself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te leef;
- * betroubaar is, omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is;
- * duidelik is, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor;
- * voldoende is, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vlg NGB Artikel 7). Daarom bely ons steeds gelowig dat dié waarheid bo alles is.

Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, beteken hierdie belydenis vir ons nié:

- * **dat die Bybel vereis dat ons ons denkvermoë, wat 'n gawe van God is, moet opoffer nie;**
- * dat die Bybel gesien kan word as 'n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie;
- * dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie;
- * dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee, sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.

Ons bely verder dat God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei. Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van 'n verantwoordelike interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur sy Woord in ons tot stand bring.

Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:

- * die klem wat van die begin af gelê is op 'n grondige kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybel geskryf is, asook die soeke na die beste metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg;
- * die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die konteks waarin dit ontstaan het, sodat die tyd- en kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die uitleg;

- * die soeke na reëls vir die uitleg van die Skrif (voorbeeld van sulke uitlegreëls uit ons tradisie is: dat die Skrif as totaliteit gelees moet word, dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dat die moeiliker dele in die lig van die makliker dele vertolk moet word en dat die Skrif uit sy hart, die evangelie van Jesus Christus, verstaan moet word);
- * die onderskeid wat in die uitleg van die Skrif gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat 'n verskillende soort gesag het (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die kultiese en morele wetgewing);
- * die dankbare, maar kritiese luister na die manier waarop die Skrif in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie kerk en ander kerke uitgelê word;
- * die vestiging van kerklike praktyke vir die interpretasie van die Skrif, soos veral die prediking, maar ook kategetiese, Bybelstudie, teologiese studie en andere;
- * en veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarin die kerk streef om die hart van die Skrif-boodskap duidelik te vertolk en gehoorsaam te aanvaar.

5.4 Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg, bly dit vir ons 'n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid.

In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende tye waarin ons leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die komplekse leerstellings en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke 'n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk dwarsoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1:9-10).

Algemene Sinode van 2015

Sedert 1986 was die saak van Skrifgesag en Skrifgebruik telkemale die onderwerp van navorsing en nadenke. So onlangs soos 2013 is daar weer gevra vir 'n stuk oor Skrifgebruik wat kan help met die lees, verstaan en vertolking van die Skrif. In 2015 loop dit uit op 'n dokument wat die bul by die horings pak en die insigte van die afgelope dertig jaar probeer illustreer aan die hand van 'n teks uit die Ou Testament, Nuwe Testament en ook hoe dit ons vertolking van die belydenisskrifte raak. In hierdie verslag word drie soorte lees van die Bybel onderskei nl.

Historiese lees – die tekste kom uit die geskiedenis na ons toe

Literêre lees – die Bybel is literatuur

Sakramenteel - die Bybel, so bely ons, is God se woord

Dit word soos volg in die verslag verduidelik

HISTORIESE LEES VAN DIE BYBEL: Ons lees die Bybel histories. Die Bybel het 'n heel spesifieke historiese, geografiese en sosio-kulturele bedding. Dit het in tyd en oor tyd, tussen mense van bepaalde geografiese gebiede en teen die agtergrond van bepaalde

sosio-kulturele agtergronde ontstaan. As 'n historiese geskrif, is die Bybel as sodanig 'n literêre werk en getuig dit, wat die Christelike geloof betref, van die waarheid van God. In sy getuigenis oor die Waarheid, is die Bybel kontekstueel en kultureel bepaald. Hierdie terme word ongelukkig en onnodig binne Christelike kringe meestal negatief verstaan. "Kontekstueel" beteken nie dat ons die Bybel maar kan lees en interpreteer soos ons lus het nie. "Kontekstueel" beteken "in verhouding tot/in verband met". Die Bybel staan in verhouding tot en hou verband met die tyd, plek en omstandighede van die Bybelskrywers.

Wanneer ons sê dat die Bybel "kultureel bepaald" is, bedoel ons daarmee dat die Bybelskrywers in terme van die tale, waardes en mens- en wêreldbeeld van hul kulture praat wanneer hulle oor die lewe en oor God skryf. Wanneer ons die Bybel lees moet ons sensitief wees vir die verhouding waarin dit staan tot die historiese, geografiese en kulturele omstandighede waarbinne dit ontstaan het.

Om die Bybel histories te lees is om te erken dat die Bybel 'n historiese konteks én 'n historiese betekenis het. Ons behoort dus nie sommer net enige betekenis daaraan toe te dig nie. Verantwoordelike en verantwoordbare eksegeese en hermeneutiek is onontbeerlik vir 'n eerlike interpretasieproses wat getuig van integriteit; terwyl ons met respek na die teks luister.

Wanneer ons die Bybel histories lees, moet ons altyd onthou dat ons self ook histories bepaald is. In ons lees van die Bybel kan ons nooit aan ons eie historiese en hedendaagse kontekstuele plasing ontsnap nie. Dit geld beide op 'n individuele sowel as 'n kollektiewe vlak. Hierdie eie historiese konteks en bepaaldheid sluit onder meer ook my ras, kultuur, geslag, ouderdom, geskooldeheid, sosio-ekonomiese posisie, politieke oortuigings, gesondheid en so meer in.

Waarskynlik een van die moeilikste uitdagings vir ons is die feit dat dit onmoontlik vir ons is om al die kennis en inligting wat die wetenskaplike tyd in ons geheue vasgelê het, op te hef wanneer ons na die Bybelse teks gaan en dit lees. In 'n sekere sin lei die kennis wat ons opgedoen het en steeds opdoen deur die voortgaande navorsing van die multi-dissiplinêre wetenskap ons daartoe om te besef dat ons nooit werklik in staat sal kan wees om onself volledig in die konteks van hierdie klassieke tekste verplaas nie.

'n Verantwoordelike lees van die Bybel sal hierdie gegewe altyd erken en verdiskonteer.

LITERÊRE LEES VAN DIE BYBEL: Ons lees die Bybel literêr: Die skrywers en mense van die geloofsgemeenskappe waarin die geskrifte ontstaan en uiteindelik tot kanon ontwikkel het, het hulle belewenisse van hulself, hul omgewing, die lewe en God uiteindelik ook in literêre vorme en met behulp van literêre konvensies verpak.

Wanneer ons die Bybel as literêre werke/dokumente lees, dan gee ons erkenning aan die feit dat ons hier met literêre werke uit antieke tye te doen het. Alhoewel hierdie literêre werke verskillend van aard is,

maar ook verskil van die tipiese literêre soorte (genres) van ons dag, help ons hedendaagse wetenskaplike-literêre kennis ons om die Bybelse literêre aard beter te verstaan. Ons herken/identifiseer in die Bybel byvoorbeeld gedigte (Psalms), fabels (Rigters 9), novelles (Rut), voorbeeldvertellings (Jona), geskiedskrywings (Kronieke) en briewe (Efesiërs), om maar enkele voorbeelde te noem.

Elkeen van die hierdie literatuur-soorte moet verstaan en gelees word binne die spesifieke spelreëls van daardie genre. Gedigte word anders gelees as geskiedenis. Dit gebeur amper outomaties dat mens die verskillende literatuursoorte herken en die toepaslike reëls gebruik. Mens lees eenvoudig nie jou koerant (of 'n nuusberig) op dieselfde wyse as wat jy poësie sal lees nie. Beeldspraak en metafore sou waarskynlik in laasgenoemde geval aan die orde van die dag wees, terwyl 'n mens met beriggewing feite en logika kan verwag.

Hierdie literêre werke in die Bybel maak ook van stylfigure soos byvoorbeeld rym, alliterasie, paradoks, ironie, sarkasme, hiperbole en metafore gebruik. Om die Bybel vanuit 'n literêre perspektief te lees, beteken dus om dit in meer as sy letterlike betekenis te verstaan. So was dit klaarblyklik vroeër. Dit is eers later, toe die historiese konteks van hierdie literêre werke (Bybelboeke) vervaag het, dat mense die Bybel letterlik begin verstaan en dit op elke vlak feitelik (histories)-letterlik begin interpreteer het – 'n manier waarop dit nooit bedoel was om gelees te word nie en verseker ook nie deur die eerste hoorders verstaan is nie. Deur hierdie histories-letterlike interpretasies is ons interpretasie en verstaan van die Bybel uitermate verskraal.

Die bedoeling met hierdie letterlike beskouing van die Bybelse teks was om die betroubaarheid en gesag van die Bybel te beklemtoon. Onderliggend hieraan het 'n meganiese inspirasieleer gefunksioneer, naamlik dat elke woord en leesteken in die Bybel oorspronklik direk so deur God in die skrywers ingegee is en daarom as sodanig letterlik verstaan moet word. Ongelukkig het dit net mooi die teenoorgestelde effek. Om die fokus alleen maar op die letterlike en feitelike van die Bybelse tekste te laat val, is om die bedoelinge, betekenis, waarde en boodskap van die Bybel te verskraal. Om die Bybel letterlik te interpreteer, is om by halwe waarhede uit te kom en selfs vals indrukke of persepsies te vorm.

SAKRAMENTELE LEES VAN DIE BYBEL: Ons lees die Bybel "sakramenteel": 'n Sakrament is 'n tydgebonde, fisiese, tasbare bemiddeling van wat as heilig bely word. 'n Sakrament is onder meer 'n manier waarop dit wat as goddelik bely word, vir ons mense sigbaar, tasbaar teenwoordig word in die hier en nou. 'n Sakrament kan gesien word as 'n voertuig waardeur God teenwoordig word/is - 'n middel waardeur die Gees beleef word.

Dink in die verband byvoorbeeld aan ons kerk se twee sakramente, te wete die heilige doop en die heilige nagmaal. Met die doop was die water uit die doopvont tog nie letterlik ons sonde af nie. Dit is egter kragtens ons Gereformeerde tradisie onder meer 'n tasbare simbool van die afwassing van die sonde en 'n bevestiging van ons inlywing in die liggaam van Christus.

Net so bely ons met die nagmaal dat die brood wat ons eet en die wyn wat ons drink die liggaam en bloed van die gekruisigde Jesus en die opgestane Christus is. Daarmee bedoel ons egter geensins dat gelowiges met die nagmaal letterlik vlees en bloed eet en drink nie. Die gebruik van brood en wyn met die nagmaal bevestig aan gelowiges ons deel in die dood en opstanding van ons Here, Jesus Christus.

Ons Gereformeerde verstaan van die doop en die nagmaal kan ons help om ons belydenis van die Bybel as die Woord van God beter te verstaan. Na analogie van die verstaan van ons kerk se twee sakramente, kan ons die Bybel bely as God se hoorbare, leesbare en tasbare woord in ons hier en nou. As sodanig dien die Bybel rigtinggewend (in die mees omvattende sin van die woord) in Christene se lewe.

Met ander woorde: die betekenis van die Bybelse teks is vir 'n Christen méér as die woorde wat daar staan; méér as die konsepte wat beskryf word; méér as die geskiedenis wat aangebied word; méér as die klaagliedere wat geskryf is; méér as die psalms wat gesing is. Binne die breëre en dieper betekenis van die Christelike geloofsbelydenisse, die geloofstradisie waarbinne ons staan, lees ons die historiese en literêre tekste (van die Bybel) en hoor daarin hoedat God geken en gehoor word as 'n genadige, liefdevolle God, betroubaar in Sy genade oor ons – juis ook in ons konteks vandag.

Deur die Bybel histories, literêr en sakramenteel te lees, kan Christene vandag verantwoordelik, ingelig en met oorgawe as gelowiges lewe.

Gevolgtrekkings vanuit die ampelike dokumente

Daar is in die NG Kerk nie onduidelikheid oor die gesag van die Bybel nie. As belydenisuitspraak geld dit vir alle lidmate en ampsdraers dat die Bybel bely word as “Woord van God”

Die werk van die teologiese fakulteite in 1986 het die grondslag gelê waarop in ander stukke voortgebou is. Dit het ook verseker dat die NG Kerk se besinning oor Skrifgesag en Skrifgebruik nie losgestaan het van die akademiese navorsing daarvoor nie.

Daar is n duidelike lyn van afwysing van fundalisme en die gepaardgaande a-historiese letterlike lees van die Bybel. Die historiese konteks waarbinne die Bybel ontstaan het, word ernstig geneem. “What it meant and what it means” is nie noodwendig dieselfde nie.

In die hantering van moeilike etiese en leerstellige sake is die Bybel op ‘n konsekwente manier hanteer. Dit is die kerk se geloofwaardigheid ten geode.

Alhoewel daar n diep en breë eenstemmigheid in die NG Kerk is oor die gesag van die Bybel, is daar gewoonlik meer as een soort Skrifgebruik aan die werk. Dit is egter opvallend dat die kerk in sy ampelike stukke en besluite kies vir die kultuur sensitiewe lees van tekste.

Dit is eie aan n gereformeerde Skrifverstaan dat ook hierdie formulerings oor die Bybel nie as finaal gesien word nie. Dit is soos alle besluite onderhewig aan voortgaande besinning.